



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2013

AFRIKAANS HUISTAAL V3

PUNTE: 100

TYD: 2½ uur



Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE AFDELINGS:

AFDELING A:	Opstel	(50)
AFDELING B:	Langer Transaksionele Teks	(30)
AFDELING C:	Korter Teks: Transaksioneel/ Naslaan/Informatief	(20)

Jy word sterk aangeraai om 80 minute aan AFDELING A, 40 minute aan AFDELING B en 30 minute aan AFDELING C te bestee.

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.
3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.
4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Jy moet jou werk beplan (bv. 'n breinkaart, diagram, vloediagram, sleutelwoorde, ens.), proeflees en redigeer. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.
6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur die beplanning as jy jou finale weergawe oorgeskryf het.
7. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
8. Voorsien elke skryfstuk van 'n gepaste titel/opskrif.
- LET WEL:** Die titel/opskrif word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: KREATIEWE TEKSTE (OPSTEL)

VRAAG 1

Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n OPSTEL van 400–450 woorde.

1.1 Ek het dit uiteindelik reggekry. [50]

OF

1.2 **Bedel, bedel ... Moet jy gee?** [50]

OF

1.3 *Woorde kan nie regmaak waar dit die mens versplinter het nie.* [50]

OF

1.4 **Die ongenooide gas.** [50]

OF

1.5 *Daar is net een Rooikoos Arendse.* [50]

OF

1.6 1.6.1



[Bron: Internet] [50]

OF


1.6.2



[Bron: Pulitzer winning images] [50]

OF

1.6.3



[Bron: www.clipartOF.com] [50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE**VRAAG 2**

Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n SKRYFSTUK van 180–200 woorde.

2.1 ARTIKEL

Jy het die voorreg gehad om Lady Gaga of enige ander bekende sanger/es of rolprentster te ontmoet tydens haar/sy toer in Suid-Afrika. Skryf 'n ARTIKEL vir jul skoolkoerant oor haar/hom nadat jy 'n onderhoud met haar/hom gevoer het.

[30]**OF****2.2 FORMELE BRIEF – AANSOEK**

Jy wil volgende jaar baie graag verder studeer. In *Die Burger* van 3 September 2013 is daar 'n advertensie geplaas om kandidate aan te moedig om vir 'n beurs van hul keuse aansoek te doen.

Skryf hierdie AANSOEKBRIEF.

[30]**OF****2.3 TOESPRAAK**

Jy word gevra om by 'n oueraand 'n toespraak te lewer oor die volgende onderwerp: Tieners het grense nodig.

Skryf die TOESPRAAK neer.

[30]**OF****2.4 INFORMELE VERSLAG**

Jy was deel van 'n omgeegroep wat die plaaslike Dierbeskermingsvereniging besoek het. Dit gaan baie sleg daar.

Skryf aan die plaaslike munisipaliteit 'n INFORMELE VERSLAG om hulle in te lig oor wat daar aangaan.

[30]**TOTAAL AFDELING B: 30**

AFDELING C: KORTER TEKSTE: TRANSAKSIONELE-/NASLAAN-/INFORMATIEWE TEKSTE**VRAAG 3**

Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n SKRYFSTUK van 100–120 woorde.

3.1 ADVERTENSIE

Jy het onlangs 'n nuwe tatoeëersalon begin.

Ontwerp die ADVERTENSIE waarin jy jou dienste as 'n tatoeëerkunstenaar aanbied.

LET WEL: Dit is 'n informatiewe teks. Jy sal dus GEEN punte vir versiering verdien nie.

[20]**OF****3.2 INSTRUKSIES**

Jou troeteldier is baie siek en jy moet die naweek 'n sportbyeenkoms op 'n ander plek bywoon.

Skryf die INSTRUKSIES aan die persoon wat na jou siek troeteldier omsien, neer.

[20]**OF****3.3 DAGBOEK**

Jy het aan 'n plaaslike talentkompetisie deelgeneem. Maak 'n dagboek-inskrywing oor die aand, voor en na afloop van die kompetisie.

Skryf dié TWEE DAGBOEKINSKRYWINGS.

[20]

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 100